REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

*Regulation Gazette* No. 6318 *Regulasiekoerant*

Vol. 400 PRETORIA, 16 OCTOBER OKTOBER 1998 No. 19372

## PROCLAMATIONS

*by the*

*President of the Republic of South Africa*

**No. R. 102, 1998**

NATIONAL PROSECUTING AUTHORITY ACT, 1998

### ESTABLISHING OF SPECIAL INVESTIGATING DIRECTORATE: ORGANISED CRIME AND PUBLIC SAFETY

Under section 7 (1) (a) of the National Prosecuting Authority Act, 1998 (Act No. 32 of 1998), and with the concurrence of the Minister of Justice and the National Director of Public Prosecutions, I hereby establish an Investigating Directorate, to be known as the Investigating Directorate: Organised Crime and Public Safety, in respect of the offences and categories of offences specified in the Schedule.

**N. R. MANDELA**
**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**A. M. OMAR**
**Minister of the Cabinet**

### SCHEDULE

(a) Any offence of—

(i) murder;

(ii) fraud;

(iii) theft and any offence involving dishonesty;

(iv) robbery with aggravating circumstances as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977);

(v) extortion;

(vi) kidnapping;

(vii) arson;

(viii) malicious injury to property;

(ix) breaking or entering any premises, with the intent to commit an offence; or

(x) public violence; or

(b) any offence in contravention of—

(i) the Explosives Act, 1956 (Act No. 26 of 1956);

(ii) the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962);

(iii) the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964);

(iv) the Armaments Development and Production Act, 1968 (Act No. 57 of 1968);

(v) the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act No. 75 of 1969);

(vi) the Intimidation Act, 1982 (Act No. 72 of 1982);

(vii) the Internal Security Act, 1982 (Act No. 74 of 1982);

(viii) the Diamonds Act, 1986 (Act No. 56 of 1986);

(ix) the Sea Fishery Act, 1988 (Act No. 12 of 1988);

(x) the Corruption Act, 1992 (Act No. 94 of 1992);

(xi) the Drugs and Drug Trafficking Act, 1992 (Act No. 140 of 1992); or

(xii) the Proceeds of Crime Act, 1996 (Act No. 76 of 1996),

committed in an organized fashion or which may endanger the safety or security of the public, or any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the above-mentioned offences.

# PROKLAMASIES

*van die*

*President van die Republiek van Suid-Afrika*

**No. R. 102, 1998**

WET OP DIE NASIONALE VERVOLGINGSGESAG, 1998

**INSTELLING VAN SPESIALE ONDERSOEKDIREKTORAAT: GEORGANISEERDE MISDAAD EN OPENBARE VEILIGHEID**

Kragtens artikel 7 (1) (a) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998), en met die instemming van die Minister van Justisie en die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, stel ek hierby 'n Ondersoekdirektoraat in, wat bekend sal staan as die Ondersoekdirektoraat: Georganiseerde Misdaad en Openbare Veiligheid, ten opsigte van die misdrywe en kategorieë van misdrywe gespesifiseer in die Bylae.

**N. R. MANDELA**
**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**A. M. OMAR**
**Minister van die Kabinet**

**BYLAE**

(a) Enige misdryf van—

(i) moord;

(ii) bedrog;

(iii) diefstal en enige misdryf waarby oneerlikheid betrokke is;

(iv) roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);

(v) afpersing;

(vi) ontvoering;
(vii) brandstigting;
(viii) kwaadwillige saakbeskadiging;
(ix) inbraak in of betreding van 'n perseel, met die doel om 'n misdryf te pleeg; of
(x) openbare geweld; of

(b) enige misdryf in oortreding van—
(i) die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956);
(ii) die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962);
(iii) die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964);
(iv) die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968 (Wet No. 57 van 1968);
(v) die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet No. 75 van 1969);
(vi) die Wet op Intimidasie, 1982 (Wet No. 72 van 1982);
(vii) die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet No. 74 van 1982);
(viii) die Wet op Diamante, 1986 (Wet No. 56 van 1986);
(ix) die Wet op Seevissery, 1988 (Wet No. 12 van 1988);
(x) die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992);
(xi) die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992); of
(xii) die Wet op Opbrengs van Misdaad, 1996 (Wet No. 76 van 1996),

gepleeg op 'n georganiseerde wyse of wat die veiligheid of sekuriteit van die publiek kan bedreig, of enige sameswering, aanhitsing of poging om enige van die bogemelde misdrywe te pleeg.

---

**No. R. 103, 1998**

**COMMENCEMENT OF CERTAIN SECTIONS OF THE NATIONAL PROSECUTING AUTHORITY ACT, 1998 (ACT No. 32 OF 1998)**

Under section 46 of the National Prosecuting Authority Act, 1998 (Act No. 32 of 1998), I hereby fix **16 October 1998** as the date on which sections 1 to 8, 11, 13 to 16, 18 to 37 and 39 to 46 of the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this Fourteenth day of October, One thousand Nine hundred and Ninety-eight.

**N. R. MANDELA**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister of the Cabinet**

---

**No. R. 103, 1998**

**INWERKINGTREDING VAN SEKERE ARTIKELS VAN DIE WET OP DIE NASIONALE VERVOLGINGSGESAG, 1998 (WET No. 32 VAN 1998)**

Kragtens artikel 46 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998), bepaal ek hierby **16 Oktober 1998** as die datum waarop artikels 1 tot 8, 11, 13 tot 16, 18 tot 37 en 39 tot 46 van die genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Johannesburg, op hede die Veertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-negentig.

**N. R. MANDELA**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister van die Kabinet**

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATIONS** | | |
| R. 102 | National Prosecuting Authority Act (32/1998): Establishing of Special Investigating Directorate: Organised Crime and Public Safety | 1 | 19372 |
| R. 103 | do.: Commencement of certain sections | 3 | 19372 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIES** | | |
| R. 102 | Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag (32/1998): Instelling van Spesiale Ondersoekdirektoraat: Georganiseerde Misdaad en Openbare Veiligheid | 2 | 19372 |
| R. 103 | do.: Inwerkingtreding van sekere artikels | 3 | 19372 |


Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001
Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515